CCPS Center for Chemical Process Safety
An AIChE Industry Technology Alliance

Process Safety Beacon

http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
Messages for Manufacturing Personnel


Sponsored by CCPS Supporters

# Konstruksiewerk beskadig petrolpyp en veroorsaak brand

April 2008

Konstruksiewerkers was besig om ’n ondergrondse waterpyp te installeer. Tydens die uitgrawing is ’n ondergrondse petrolpyp beskadig. Die lekkende pertrol het ’n gaswolk veroorsaak. Die gaswolk het ontbrand en daar was ’n ontploffing en ’n brand. Vyf konstruksie-werkers is dood en vier ernstig beseer terwyl ’n huis en ander eiendom ernstig beskadig is. Mense binne ’n 0.9 km radius is as voorsorgmaatreël uit die gebied verwyder. Een van die primêre oorsake van die ongeluk was dat die konstruksiewerkers nie geweet het presies waar die petrolpyp loop nie. Hulle het merkers gevolg wat deur die pyplynmaatskappy aangebring is, en wat verskil het van ingenieurstekeninge. Die tekeninge het gewys dat die pyp ’n draai maak om die stam van ’n groot boom, maar die boom is intussen afgekap. Goeie praktyk sou wees om met handgereedskap eers die posisie van die petrolpyp te bevestig, voor masjienuitgrawings begin. Dit is egter nie gedoen nie.





Courtesy of CalOSHA



Courtesy of Creative Commons ShareAlike 1.0 License: http://creativecommons.org/licenses/sa/1.0/

## Het jy geweet?

Dié voorval het gebeur in ’n vervoerpyplyn in ’n residensiële area, maar dit kon net sowel in ’n chemiese aanleg gebeur het. Verskeie aanlegte het ondergrondse pyplyne wat gevaarlike stowwe vervoer. Dit kan die aanleg se eie pyplyne wees of pyplyne wat aan ander behoort en deur ander bedryf word – ’n pyplynmaatskappy, ’n gasverspreidings-maatskappy of ’n naburige aanleg.

## Wat kan ek doen?

- Voordat uitgrawings begin, stel vas of daar nie ondergrondse pype of elektriese kabels in die area is nie. Dié voorsorg behoort deel van elke maatskappy se uitgrawingspermitsisteem te wees.
- Doen ’n veiligheidsrisiko-analise voordat uitgrawings begin.
- Rapporteer enige amper-insidente – ondergrondse pype of kabels wat opgespoor is waar niks verwag is nie, of op ’n ander plek as waar dit verwag is.
- Bepaal die posisie van enige gevaarlike ondergrondse pyplyn wat deur die aanleg loop, en wat die noodprosedure is as daar ’n lek is.
- As jy uitgrawings doen in die omgewing van gevaarlike pyplyne of elektriese kabels, maak seker almal is bewus van die toepaslike noodprosedure en almal is opgelei om dit uit te voer.

CCPS PSID lede – Gebruik: Free Search – “pipeline”

***Weet wat is onder die grond voordat jy begin grawe!***

AIChE © 2008. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 212-591-7319

**The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Gujarati, Hebrew, Hindi, Hungarian, Indonesian, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Persian, Polish, Portuguese, Russian, Spanish, Swedish, and Thai.**